

PROKUREURSEKSAMEN

DEEL 4 BOEKHOU

23 AUGUSTUS 2017

14:00-16:15

Totaal: [100]

Kandidate kry 15 minute om die vraestel deur te lees voor hulle begin skryf. Geen kandidaat mag tydens hierdie tyd in die antwoordboek begin skryf nie. Die eksamen van 2 uur volg dan.

1. Kandidate mag sakrekenaars gebruik.
2. By beantwoording van vrae moet die betrokke inskrywings duidelik geïdentifiseer, omskryf en uiteengesit word.
3. Afsonderlike besigheids- en trustkasboeke, asook kliëntegrootboekrekeninge moet geopen word en moet nie gekombineer word nie. Joernaalinskrywings moet behoorlik beskryf en geïdentifiseer word.
4. Skryf assebliefslegs in pen op die regterkantse bladsye.
5. Tensy daar 'n spesiale rede bestaan, word 'n kandidaat nie vir 'n mondeling in hierdie deel ingeroep as 50% of meer behaal is nie. Indien 'n kandidaat minder as 40% behaal sal hy/sy nie kwalifiseer vir 'n mondeling nie en sal hierdie deel druip.

ATTORNEYS' EXAMINATION

PART 4 BOOKKEEPING

23 AUGUST 2017

14:00-16:15

Total: [100]

Candidates are allowed 15 minutes to peruse the paper before starting to answer the questions. No candidate may start writing in the answerbook during this period. The examination of 2 hours then follows.

1. Candidates may use calculators.
2. In answering the questions you should ensure that the relevant entries are clearly identified, narrated and detailed.
3. Separate business and trust cash books and clients' ledger accounts must be opened and are not to be combined. Journal entries must be properly identified and narrated.
4. Please write only in pen on the right-hand pages.
5. Except if a special reason exists, a candidate will not be required to do an oral in this part if 50% or more is attained. If a candidate achieves less than 40% he/she will not qualify for an oral and will have failed this section.

VRAAG 1

[15]

U besigheidskasboek toon op 28 Februarie 2016 'n oortrokke saldo van R10 000. Vergelyking van die twee toon die volgende:

- a) 'n Tjek vir R26 000 gemerk "verwys na Trekker" maar die ontering is nog nie in die kasboek aangeteken nie.
- b) Rente van R3 000 op die oortrekking is nog nie in die kasboek aangeteken nie.
- c) Bankkoste van R4 000 is nog nie in die kasboek aangeteken nie.
- d) 'n Elektroniese oordrag van 'n kliënt ter vereffening van u fooie van R3 000 is nog nie in die kasboek aangeteken nie.
- e) 'n Deposito van R8 700 is verkeerdlik in u kasboek aangeteken as R1 700.
- f) Die bank het foutiewelik u rekening met R10 000 gedebiteer.
- g) Die bank het foutiewelik 'n trustjek vir R12 000 uit u besigheidsrekening betaal.
- h) 'n Aftrekordervan R7 000 vir maandelikse kantoorhuur is nog nie in die kasboek aangeteken nie.
- i) Tjeks ten bedrae van R10 545 is nog nie by die bank vir betaling aangebied nie.

U moet die volgende doen:

- 1.1 'n Aanvullende kasboek opstel vir 28 Februarie 2016; (9)
- 1.2 Die balans op die bankstaat bereken deur die bankrekonsiliasiestaat op te stel. (6)

VRAAG 2

[30]

U ontvang die volgende staat van u korrespondent:

QUESTION 1

[15]

Your business cash book as at 28 February 2016 reflects an overdrawn balance of R10 000. A comparison of the two revealed the following:

- a) A cheque of R 26 000 marked "refer to drawer" has not been entered in the cash book.
- b) Interest of R3 000 on the overdraft has not been entered in the cash book.
- c) Bank charges of R4 000 have not been entered in the cash book.
- d) An electronic transfer from a client in payment of your fee account of R3 000 has not been entered in your cash book.
- e) A deposit of R8 700 has been incorrectly entered in your cash book as R1 700.
- f) The bank has incorrectly debited your account with R10 000.
- g) A trust cheque for R12 000 has been incorrectly paid by the bank from your business account.
- h) A stop order of R7 000 for the office space monthly rental, has not been entered in the cash book.
- i) Cheques totalling R 10 545 have not yet been presented to the bank for payment.

You are required to prepare:

- 1.1 Prepare a supplementary cash book for 28 February 2016. (9)
- 1.2 Calculate the bank statement balance by preparing the bank reconciliation statement. (6)

QUESTION 2

[30]

You receive the following statement from your correspondent:

BLACK vs WHITE

Dagvaardingsfooie	3 000	1 000
BTW	420	140
Betaalbalju	1 000	
Kontant White		18 000
Invorderingsfooie	1 800	600
BTW	252	84
Tjek hiermee	<u>13 352</u>	
	<u>19 824</u>	<u>19 824</u>

U moet al bogenoemde transaksies in u boeke van eerste inskrywing en grootboekrekening aanteken. Dra die bedrag waarop u geregtig is oor na u besigheidsbankrekening en betaal Black wat hom toekom. Toon ook daardie inskrywings. Dit is nie nodig om 'n verrekeningstaat op te stel nie.

VRAAG 3 [25]

U klient, David, gee u opdrag om 'n Inter Vivos trust te registreer en 'n boedelbeplanning te doen. Hy betaal u 'n deposito van R50 000 vir u fooie en uitgawes. U trek inkomsteseëls ter waarde van R1 800 uit u seëlvoorraad en hef 'n fooi van R30 000 plus BTW teen 14% van R4 200.

Teken bogemelde transaksies in u rekenkundige boeke aan en verreken ten volle aan u klient. Stel die verrekeningstaat op.

VRAAG 4 [30]

U ontvang op 5 Februarie 2016 die volgende bedrae van kliënte:

- Kliënt Reddy betaal u R400 000 vir die aankoop van 'n eiendom. Die ooreenkoms magtig u om die fondse namens hom te belê. U belê die bedrag by 'n Bank.
- Kliënt Van der Merwe betaal u R1 000 000 om in trust gehou te word hangende oordrag van 'n eiendom.

BLACK vs WHITE

Summons fees	3 000	1 000
Vat	420	140
Paid Sheriff	1 000	
Cash White		18 000
Collection commission	1 800	600
Vat	252	84
Cheque herewith	<u>13 352</u>	
	<u>19 824</u>	<u>19 824</u>

You are required to record all the above transactions in your books of prime entry, and ledger account. Transfer the amount you are entitled to, to your business banking account. Account fully to your client - Black. It is not necessary to prepare an accounting statement.

QUESTION 3 [25]

Your client David instructs you to register an Inter Vivos trust and prepare an estate plan for him. He gives you a deposit of R50 000 to cover your fees and disbursements. You issue revenue stamps of R1800 from your stock of stamps and charge a fee of R30 000 plus Vat at 14% of R4 200.

Record the abovementioned transactions in your accounting records and account fully to your client by preparing an accounting statement.

QUESTION 4 [30]

You receive the following amounts from your clients on 5 February 2016:

- Client Reddy pays you R400 000 in cash for the purchase price of a property. The agreement mandates you to invest the money on his behalf. You invest the money with a Bank.
- Client Van Der Merwe pays you R1 000 000 in cash to be held in Trust pending transfer of a property.

- c) Kliënt Ngubane deponeer R685 000 om in trust te hou hangende 'n kompromie-aanbod.
- d) Kliënt Adams betaal R300 000 om in trust te hou hangende skikking van 'n egskeidingsgeding.
- e) Kliënt Khoza betaal u R500 000 vir die aankoop van 'n motorvoertuig van 'n ander kliënt.
- U belê R1 500 000 in 'n trustbelegging by Nedbank.
 - U betaal die verkoper van die motorvoertuig die prys van R500 000.
 - Op 28 Februarie 2016 onttrek u alle trustbeleggings en ontvang R1 515 000 van Nedbank en R422 000 van die Bank. U betaal die rente aan die begunstigdes.

- c) Client Ngubane deposits R685 000 in cash to be held in Trust pending a compromise offer.
- d) Client Adams pays you R300 000 in cash to be held in trust pending settlement of a divorce action.
- e) Client Khoza pays you R500 000 for the purchase of a motor car from your client.
- You decide to invest R1 500 000 in a Trust Investment at Nedbank.
 - You pay the seller R500 000 for the sale of the motor car.
 - On 28 February 2016 you withdraw all Trust Investments and receive R1 515 000 from Nedbank and R422 000 from the Bank. You pay the interest to the beneficiaries.

WAT VEREIS WORD:

- 4.1 Teken al die transaksies in die kasboeke en grootboeke aan.
- 4.2 Dui aan hoe u sal vasstel of u voldoende trustfondse in u trustbankrekening het om trustkrediteure te kan betaal.

REQUIRED:

- 4.1 Record all transactions in the cash books and ledgers.
- 4.2 Indicate how you determine whether you have sufficient monies in your Trust account to pay trust creditors.

- DIE EINDE -

- THE END -